


# *Ons storie*

'n Goue draad van die **noodlot**, **liefde** en **blote geluk** hou al die elemente van die storie van die Huis van Terblanche bymekaar.


Ons (Petrie en Jaco) is albei oorspronklik van Suid-Afrika en het aan die Universiteit Stellenbosch, in die hart van die Wes-Kaapse wynland van Suid-Afrika geleë, gestudeer. 'n Mens sou dink dat dit die begin van ons reis moes wees, maar ons het mekaar eers 20 jaar later ontmoet, toe Petrie in San Francisco en ek (Jaco) in Londen was, besig om aan ons loopbane in rekeningkunde en embriologie te bou. Dit was die **noodlot** wat ons paaie in die virtuele wêreld van aanlyn maatsoekwebwerwe laat kruis het en nadat ons langer as 'n jaar gesukkel het om op dieselfde tyd op dieselfde plek te wees, het ons mekaar uiteindelik in New York, die halfpadmerk, ontmoet.



Petrie het 'n aanbod ontvang om in Parys te werk, en ons het na Frankryk verhuis. Dit was die **liefde** wat ons laat besef het dat ons bestem is om saam te wees. Ons is wettig getroud in die *Mairie* (stadsaal) van die sewende *arrondissement* (munisipale distrik) in Parys, waar ons destyds gewoon het en een jaar later was ons die trotse vaders van ons pragtige tweelingseun en -dogter, Emma en Nico.

Ons het reeds geruime tyd oor die moontlikheid van tweede loopbane gepraat en as plaasseuns was ons nuuskierig oor die moontlikheid van 'n stuk grond in die suide van Frankryk koop. Nie eens in ons wildste drome kon ons dink dat 'n wynlandgoed in die mark sou kom wat al die regte blokkies sou afmerk en waarop ons heeltemal verlief sou raak nie. In Februarie 2022 word ons toe die trotse eienaars van Chateau Lestevenie.

Ek en Petrie het geweet dat ons 'n kenner sou nodig hê as ons 'n sukses van Chateau Lestevenie wou maak. Ons het onthou hoeveel ons só 'n geleentheid om ons professionele loopbane ná afstudering oorsee te ontwikkel, waardeer het en het besluit om 'n landgenoot te werf, wat ook die kennis en ondervinding



van werk in die Suid-Afrikaanse wynbedryf sou kon bring. Deur 'n vriend van 'n vriend van 'n vriend het ons 'n telefoonnommer bekom – dit was **blote geluk** wat ons na ons landgoedbestuurder en wynmaker, Ramon Scholtz, gelei het. Ramon het 'n BSc in Geologie en Botanie van die Noordwes-Universiteit en 'n BScAgric in Wynkunde van die Universiteit Stellenbosch. Toe ons met Ramon in kontak kom, het hy al die afgelope vyf jaar vir 'n wynlandgoed skaars meer as een uur se ry van Chateau Lestevenie af, gewerk.

Ons maak steeds dieselfde bekroonde wynstyle waarvoor Chateau Lestevenie bekend is, maar as 'n jonger geslag met talle nuwe idees en baie energie, sal ons ons stempel afdruk en die handelsmerk van die Huis van Terblanche vestig.